**Maandag 20 Julie**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:1-35**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22**
**Sonder 'n verhouding met God help selfs 'n regeerder se offers niks**

Saul, alom beskou as 'n tragiese figuur, se lewe herinner aan dié van Judas Iskariot, die verraaier van die Here Jesus. Net soos Judas was Saul nie van die begin af 'n mislukking nie. Dis 'n proses wat jy word voor die Here oor jare heen (Luk. 6:15). By Saul 20 jaar.

Die werking van die Heilige Gees in Saul se lewe het nie ontbreek nie (1 Sam. 10:6, 10; 11:6). Samuel was so positief oor Saul aan die begin. Saul was 'n mooigeboude man en 'n kop langer as al sy volkgenote (1 Sam. 9:2, 20; 10:24). Maar Samuel was só negatief aan die einde hier in hoofstuk 15. Al was die Heilige Gees ryklik teenwoordig in Saul het die Gees hom nie gebring tot 'n lewende geloofsverhouding met die HERE nie. Saul praat op onpersoonlike wyse oor God. Hy praat nie van die HERE ons God of die HERE my God nie. Telkens is dit "die HERE u God" (1 Sam. 15:30).

Gehoorsaamheid aan die stem van die HERE – om te luister – kom voort uit 'n hart waarin die HERE woon. By Saul het albei ontbreek.

Saul se mislukking lê verder daarin dat hy hom soos 'n wêreldse koning wou gedra. 'n Regeerder na die styl van die wêreld ken nie hoër gesag as hyself nie. Daar het nóg 'n tekortkoming by Saul gelê. Vir wat moet 'n koning nou wag dat 'n priester eers moet kom om die offer aan die brand te steek? Dit kan hy mos sommer self doen (1 Sam. 13:8, 9).

Geen koning is verhewe daarbo om te luister na wat God beveel in sy Woord (1 Sam. 12:14; 13:13). Dit is juis wat Israel se konings anders gemaak het as die heidennasies s'n: hulle was deur die HERE gesalf. Geroep, afgesonder en bekwaam deur die HERE (Ps. 2:6, 7). Hulle was sy konings en sy seuns en moes luister na sy stem; dan sou Hy hulle koningskap laat vasstaan.

In sy Seun Jesus Christus, God se Gesalfde Koning en ons Here, hoor ons God se stem op die aarde nog 'n finale keer (Heb. 1:1) en in ons eie taal. Hier is die belangrikste dat ons elkeen gehoorsaam is deur in Jesus Christus te glo. Gehoorsaam deur te glo in Hom as die Seun van God. Romeine 1:5 sê dit so: "… tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring."

Dat die HERE ons God ons sondes nie laat uitloop daarop dat Hy ons verwerp nie, is sy Goddelike trou en genade en agter alles sy genadige verkiesing en roeping om deel van sy volk te mag wees deur 'n ware geloof. Aan Saul se lot kon niks meer gedoen word nie, ook al was Samuel so teleurgesteld oor hom (1 Sam. 16:1). Prof. JH Kroeze sê in sy boekie oor Saul dat ons in die lewe van Saul God se genadige verkiesing sien en dat God mense se verantwoordelikheid handhaaf.

*Sing: Psalm 50-1:7, 11*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Emeritus)*